# MATT 16:13-28 WIE IS JESUS VIR JOU?

**'N UITDAGENDE OMGEWING**

Ek verneem hulle gaan die dorp Warmbad se naam verander. Hulle gaan dit nou "Jacuzzi" noem!

**Naamsveranderinge** van dorpe en stede kom al 'n lang pad. Sesarea-Filippi was sowat 25 km noord van die see van Galilea. Dit was in die gebied wat deur Filippus regeer is. Toe Filippus aan bewind gekom het, het hy die stad herbou en dit 'n nuwe naam gegee. Hy het dit na die keiser en homself vernoem: "Caesar" en "Filippus" gee vir jou "Sesarea-Filippi".

Die gebied was oortrek met heidense tempels en afgode. Die keiser self is as 'n god vereer. 'n Mens kan sê die stad was 'n ***uitstalvenster*** van die wêreldgodsdienste.

Dit was HIER, in SO 'n omgewing, dat die HJ die **allerbelangrikste vraag** gevra het: *"... wie, sê julle, is Ek?"*

Wat is **JOU antwoord** daarop? Wie is Jesus vir JOU? Nie net *hier* in die veilige omgewing waar ons nou verkeer nie, maar ook wanneer jy tussen die *"afgode"* is daarbuite?

**WAT Sê DIE ANDER?**

Eers vra Hy hulle: *"Wie, sê **die mense**, is die Seun van die mens?"* <u>Seun van die mens</u> - Dis hoedat die HJ gewoonlik na homself verwys. Niemand anders het die term gebruik nie. Dit verwys waarskynlik na die geheimsinnige man wat Daniël in H7:13 in 'n nagtelike visioen gesien het. Dan 7 het 'n baie nb'e rol in die Jode se latere Messiasverwagting gespeel.

Die dissipels het dadelik geweet Hy praat van homself.

Het *jy al bietjie rondgevra* en uitgevind wie die mense met wie jy skouers skuur, sê Jesus is? Die **resultate** kan nogal interessant, selfs verrassend of skokkend wees! (dogtertjie – maak deur vir ds oop – *"Ma, Jesus is by die deur!"*)

Sommige was destyds oortuig dat Jesus **Johannes die Doper** was wat weer uit die dood uit opgestaan het nadat Herodes hom laat onthoof het. Blaai na 14:1,2 en lees daar wat Herodes self oor Jesus gesê het ***<u>(lees).</u>***

Ander het gedink Hy is die profeet **Elia.** Baie Jode het geglo dat Elia die voorloper van die Messias sou wees. In die **laaste verse vd OT** lees ons dat God sê: *"Ek gaan vir julle die profeet Elia stuur voordat die dag van die Here kom, die groot, die verskriklike dag. Elia sal vaders en kinders met mekaar versoen sodat Ek nie hoef te kom en die land heeltemal vernietig nie."* (Mal 4:5,6) Daar was ook *sterk ooreenkomste* tussen **Jeremia** en Jesus wat ander weer laat dink het dat Jesus die profeet Jeremia was wat weer opgestaan het.

Tot vandag toe is daar baie uiteenlopende opinies oor Jesus.

**WAT Sê JY?**

Maar dan raak Jesus **baie persoonlik** wanneer Hy hulle direk vra: *"Maar julle, wie sê julle, is Ek?"* Ons kan miskien ook vandag lekker saam gesels oor wat ander alles oor Hom te sê het, maar wie sê EK, <u>wie sê JY is Jesus</u>?

*"Simon Petrus het geantwoord: "U is die Christus, die Seun van die lewende God."* (: 16)

Christus beteken **Messias, Gesalfde**. Hy sê maw *"U is die vervulling van wat God belowe het."* Die term *"seun vd lewende God"* dui op sy godheid. *"U is die vervulling van wat God belowe het en self ook God."* In Jesus *verskyn* God, *spreek* God, *handel* God.

Dit is ‘n AANGRYPENDE belydenis!
Kan jy dit beaam? Kan jy “Amen” sê daarop?
DIT is wat ‘n christen glo. DIT is waar ons belydenis verskil van die Moslems en die Jode s’n.
DIT is wat u en ek bely het dat ons glo toe ons lidmaat van die kerk geword het.

**DIE REGTE ANTWOORD IS GENADE**
Luister wat antwoord Jesus Petrus toe: (***lees :17,18***)
Petrus kry ‘n **regmerkie** agter sy antwoord, maar Petrus **onthou net**, jy het hierdie antwoord *nie self uitgedink* of *op jou eie* tot hierdie gevolgtrekking gekom nie.
Hierdie geloof wat jy sopas bely het, is aan jou *gegee*, dit is ‘n **gawe van God** om so te kan glo.
U en my geloof dat Jesus die Christus, die Seun vd lewende God is, is **eweneens** ‘n gawe van God – dank Hom daarvoor! Ons het dit nie van ons ouers *ge-erf, aangeleer, uitgepluis* of as ‘n prys *verower* nie. Dit is God wat deur die **werking van die HG** en die **prediking van die Woord** ons oortuig wie Jesus is en geloof in ons hart werk.
Om Jesus as die Christus te bely soos wat ons vanoggend weer gedoen het toe ons die 12 Artikels van die christelike geloof hardop saam bely het, is **genade**!

**DIT IS ‘N INGRYPENDE BELYDENIS**
Wie Jesus as Christus bely, bely iets AANGRYPENDS **EN** INGRYPENDS. Hy/sy gee daarmee **beheer** oor sy lewe **prys**. Soos Jesus dit in **vs 24** verduidelik: Dit beteken dat jy jouself *verloën*, jou *kruis dra* en vir Jesus *volg*.
Doen ons dit nog? Ons wat misien **lank gelede** al hierdie belydenis voor die gemeente afgelê het en dit **vanoggend bevestig** het met die Geloofsbelydenis: *“en ek glo in JC, sy eniggebore Seun, ons Here”*? Ons bevind ons miskien nie heeltemal in “Sesarea-Filippi” tussen die afgodsbeelde en –tempels nie, maar leef ons nog hierdie belydenis met vrymoedigheid uit in **‘n tydsgees** waar dit nie so *“cool”* is om ‘n voluit volgeling van Jesus te wees nie, waar mense Hom liewer op ‘n *afstand* volg en *nie te betrokke* wil raak nie?
**Praat van Hom** as *‘n profeet, ‘n heilige, ‘n leermeester, ‘n geestelike leier* en min mense, selfs nie eens Jode en Moslems nie, sal beswaar maak. Maar praat van Hom as *die Seun van God, goddelik, van dieselfde wese as die Vader* en jy sal baie teenstand kry.
Amanda het ons verlede Sondag vertel hoedat die Moslems vir **Hamdi** wat ‘n christen geword het en hierdie getuienis aangaande Christus het, in hegtenis geneem het. Dit is die afgelope week oor die nuus op TV 3 bevestig. Talle Moslems wat die christelike geloof aanvaar het, is gevang en word vermoedelik gemartel ten einde hulle weer van oortuiging te laat verander.

*Our Greatest Need*

*If our greatest need had been information, God would have sent us an educator; If our greatest need had been technology, God would have sent us a scientist; If our greatest need had been money, God would have sent us an economist; If our greatest need had been pleasure, God would have sent us an entertainer.*

Maar omdat **sonde** en verlorenheid ons grootste nood is, het God ons ‘n Redder en Verlosser van sonde gestuur. DIT is wie Jesus is, nie ‘n “educator” of “entertainer” ens. nie.

Is C die Koning van jou lewe? As jy moeilike of belangrike **besluite** moet neem, praat jy met die Here daaroor? Raadpleeg jy Hom? Of besluit jy sommer self?
As jy na ons **land kyk**? Sien jy nog die Here raak as die Een wat in beheer is en 'n plan met ons land het? Of sien jy net politieke leiers en hul besluite raak?
Ons hoef nie te wag op 'n **De la Rey** om ons te kom red nie. Ons het 'n Redder, 'n Verlosser. Iemand wat sy lewe vir ons gegee het en daarna ook uit die dood opgestaan het om vir ons 'n nuwe lewe te gee. Maar dan moet ons Hom ook soos Petrus **erken** as Here. As die Christus. En ons moet bewustelik ons hele lewe aan Hom **oorgee**.

**OM LIDMAAT TE WEES IS GENADE**
Dit is nie 'n maklike pad nie. Maar die manier om daarop te **volhard** is dieselfde as hoedat ons daarop beland het – nl deur die GENADE VAN GOD. Dieselfde Woord en Gees wat ons tot geloof *gebring* het, help ons ook om in die geloof te *volhard*.
Daar is ook nog ander GENADEMIDDELS – dit is middels wat God gebruik om sy genade aan ons **deur te gee**: die Bybel, gebed, die sakramente van doop en nagmaal, die gemeenskap van die gelowiges. Dis byna iets soos **geestelike vitamines** wat 'n mens moet neem om geestelik sterk en gesond te groei. Dit gebeur veral in **gemeenteverband.**

Mense wat Jesus as die Here bely, word deel van die **kerk**. In vs 18 sê Jesus vir Petrus: *"Jy is die rots waarop Ek **my kerk** gaan bou en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie."* Die Here laat ons nie elkeen **op ons eie** met ons geloof en ons belydenis nie. Dit is genade. Hy *roep ons bymekaar* as sy kinders en noem ons sy kerk. Sy gemeente. Hy is die hoof daarvan. Hy belowe hier dat die magte van die bose dit nooit sal oorweldig nie.
Daarom is dit so nb om saam met die kerk te leef en my **nie eenkant** te hou nie. Die rede daarvoor mag wees dat ek *minderwaardig* voel, maar ook omdat ek meerderwaardig voel en dink ek het *nie die kerk nodig* nie.
Hou in gedagte: God bou nie sy kerk met **engele nie**, maar met mense. Soms mag daar dus diegene wees wat my irriteer of verkeerd opvryf of wat nie optree soos Christene nie. Die kerk is **vol sondaars**. Ons is wel geredde sondaars, deur die genade van God, maar ons bly sondaars wat vol foute en tekortkominge is. Dit is **nie 'n rede** om jou aan die kerk te onttrek nie – omdat jy of die ander te vol foute is nie.
Ons sien in **Petrus** 'n **tipiese** kerklidmaat. Petrus was allesbehalwe volmaak. Ons het gelees hoedat die belydende Petrus, die rotsman, kort daarna 'n struikelblok vir Jesus word. Die rotsman kry voete van klei. Vir 'n oomblik word hy weer 'n instrument, 'n mondstuk van Satan!
Maar die Here wil ons met ons gebreke EN ons gawes **inskakel en gebruik** in die kerk. Dit is GENADE. Ons bly sy kerk. Ons is dit n**OM LIDMAAT TE WEES IS GENADE**ou al vir 40jr hier in Constantia – 40jr van genade! Al is ons dikwels 'n soekende, falende, aarselende kerk, los die Here ons nie. Hy hou uit en aan met ons.

Watter **vreugde en voorreg** dat ons Hom, Jesus die Christus, die seun van die lewende God, mag volg en dien!
Soos iemand gesê het: *"Die rede hoekom ek 'n christen is, is eerstens oor die **swak alternatiewe** – geen godsdiens behalwe die christendom is op genade gebou nie, en tweedens oor **Jesus**. Jesus is hoedat ek my God wil hê."*

*Amen.*

*24.08.2008*

*Bespreking:*

*Lees weer Matt 16:13-28*

1. *Wie, sê mense met wie jy al te doen gekry het, is Jesus?*
2. *Wie is Hy vir jou?*
3. *Hoe verskil dit van wat die Moslems oor Jesus glo?*
4. *Praat jy met die Here wanneer jy besluite moet neem? Hoe weet jy wat Sy antwoord is?*
5. *"Ons het 'n leierskapkrisis in die land." Gee jou mening.*
6. *In watter opsig(te) kan 'n mens die genademiddels met geestelike vitamines vergelyk?*
7. *Wat kan gedoen word om die gemeente se nagmaalbywoning te verbeter?*
8. *Stem jy saam met die redes wat in die preek genoem word waarom sommige christene traag is om by 'n gemeente in te skakel? Kan jy aan nog redes dink?*
9. *Wat kan ons daaromtrent doen?*
10. *Voltooi: "Die rede hoekom ek 'n christen is …" (Vergelyk die aanhaling aan die einde van die preek)*